

# Die Bybel in Afrikaans 'n direkte vertaling

Daar word tans in opdrag van die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, gewerk aan 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Die Saaier het onlangs met prof Bernard Combrink, die projekteier, gesels om so 'n bietjie meer oor hierdie vertaling uit te vind.

**Die Saaier:** Prof, waarom nog 'n Afrikaanse Bybelvertaling?

**Prof Combrink:** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) vertaal net 'n Bybel wanneer die kerke dit vra. Die BSA beskik oor 'n Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) waarop al die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, sitting het. Reeds in 1997 is dié Advieskomitee gevra om met 'n nuwe "meer letterlike" vertaling te begin omdat lidmate daaraan 'n behoefte het. Daar is gevra dat hierdie vertaling sterker by die brontekste (dit wil sê die Hebreeuse, Aramese en Griekse tekste) moet aansluit as die bestaande vertalings, maar steeds goed verstaanbaar moet wees. Na deeglike navorsing deur vier universiteite, het die Advieskomitee die Bybelgenootskap formeel in 2004 versoek om met 'n nuwe Afrikaanse vertaling te begin. Dit is in 2005 deur die BSA se Raad goedgekeur en in 2006 is daar met dié vertaling begin.

Verder het vertaalkunde, en dan spesifiek Bybelvertaalkunde, as 'n wetenskap geweldig ontwikkel sedert die publikasie van die 1983-vertaling in Afrikaans. Kennis van die tale waarin die Bybel oorspronklik geskryf is, het in die afgelope aantal jare baie



uitgebrei. Meer onlangse taalkundige modelle, asook die moontlikhede wat rekenaarprogramme bied, het ons kennis van die Bybeltale laat toeneem.

**Die Saaier:** Vertel ons 'n bietjie meer oor die vertaalopdrag en hoekom daar na hierdie vertaling as 'n direkte vertaling verwys word.

**Prof Combrink:** Die vertaalopdrag lees soos volg: "Skep 'n goed verstaanbare, brontekstgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik." Hierdie opdrag is verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die brontekste moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die brontekste so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees.

Hoekom 'n direkte vertaling? 'n "Direkte" vertaling is 'n tegniese term wat ontleen is aan die begrip "direkte rede". Wanneer 'n spreker se woorde "direk" aangehaal word, impliseer dit die spreker se presiese woorde. 'n Direkte vertaling streef daarna om die brontekste van die Bybel op so 'n manier te vertaal asof die Hebreeuse, Aramese of Griekse spreker of skrywer

se woorde "direk" aangehaal word, maar dan asof gewone idiomatiese en hedendaagse Afrikaans gepraat of geskryf word.

**Die Saaier:** Hoeveel mense is betrokke by hierdie vertaling en beskryf kortliks die werkwysse.

**Prof Combrink:** Hierdie is 'n baie omvattende en ingewikkelde proses, maar ons glo dat dit 'n uiters betroubare vertaling tot gevolg sal hê. Daar is ongeveer 140 mense by hierdie vertaling betrokke wat eksegete (deur die kerke aanbeveel), brontaalkenners (kenners van Hebreeus en Grieks) en intravertalers (opgeleide Afrikaanse vertalers, taalkundiges, letterkundiges, skrywers en digters) insluit.

Elke boek sal deur vier fases gaan voordat die Begeleidingskomitee die teks in fase vyf finaliseer vir voorlegging aan die Bybelgenootskap. Die verskillende fases werk kortliks soos volg: In fase een maak die eksegete 'n baie letterlike vertaling wat deur 'n brontaalkenner gekontroleer word. Dan vertaal 'n intravertaler dit in helder, vloeiende Afrikaans, terwyl die eksegete steeds waak oor die brontekstgetrouheid.

Fase twee behels kontrole deur ander Afrikaanse taalkundiges en letterkundiges. Daarna finaliseer die Redaksionele Komitee (brontaalkenner, twee eksegete, 'n vertaalkundige, twee Afrikaanse letterkundiges, 'n taalkundige en die projekteier) die vertaling. In fase drie word die teks aan die kerklike lesers wat deur die onderskeie kerke benoem is, gestuur. Dit word ook op die webblad [www.nuwekerkbybel.co.za](http://www.nuwekerkbybel.co.za) geplaas vir die algemene publiek. Al die

kommentaar word weer oorweeg. Fase vier behels die kontrole of uitdrukkings en woorde so konsekwent moontlik deur die hele Bybel vertaal is.

**Die Saaier:** Watter gedrukte brontekste word vir hierdie vertaling gebruik?

**Prof Combrink:** Die brontekste wat vir hierdie vertaling gebruik word, is wesenlik dieselfde as wat vir die 1983-vertaling gebruik is. Die basistekste wat as bron gebruik word vir die vertaling van die Ou Testament in Afrikaans is die vierde uitgawe van *Biblia Hebraica Stuttgartensia* uitgegee deur die Deutsche Bibelgesellschaft Stuttgart in 1990. Vir die 1983-vertaling is destyds die uitgawe gebruik wat in 1977 verskyn het. Daar word ook gebruik gemaak van nuwer teksuitgawes wat moontlik mag verskyn.

Vir die Nuwe Testament word die Griekse teks wat in die vierde uitgawe van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se *Greek New Testament* van 1994 gedruk is, as vertrekpunt gebruik. Vir die 1983-vertaling is die derde uitgawe gebruik, maar daar is nie verskille in die teks nie, die tekstkritiese apparaat is bygewerk en aangevul.

**Die Saaier:** So 'n vertaling bied seker baie uitdagings.

**Prof Combrink:** Ja, beslis. Sommige mense beweer byvoorbeeld dat sekere dele weggelaat word en ander sê dat Christus wegvertaal word. Ek sal baie graag dit meer volledig wil verduidelik en daarom is ek dankbaar dat hierdie gesprek in die volgende uitgawe van *Die Saaier* voortgesit word.

*“Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vertaal net 'n Bybel wanneer die kerke dit vra.”*